**TWEEDE BEDRYF**

**Toneel 1**

**Bl.67**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

Magistraat (*kom op*): Waarom so agter teen die muur, seun? Kom hier. (*Pouse*) Kom vorentoe, kom sê vir my wat jou naam is.

Benjamin:(*kom effens nader*): Benjamin Komoeti.

Magistraat: Kom nader, ek kan nie hoor nie.

Benjamin (*hoes en kom vorentoe)*: Benjamin Komoeti.

Konstabel *kom binne*

Magistraat: Kry jy koud?

Benjamin: Nee.

Magistraat: Nou goed, Benjamin, ek gaan vr jou 'n paar maklike vrae vra wat ek wil hê jy moet baie mooi vir my beantwoord. (*Pouse*) Is jy seker jy kry nie koud nie?

Benjamin: Dis niks. weledele heer.

Magistraat: (*suig sy wange aan die kante in en laat dit weer uitbult voordat hy praat*): Kan jy onthou of jy, toe jy baie klein was, eers 'n ander naam gehad het?

Benjamin: My naam was maar altyd Benjamin Komoeti.

Magistraat: Goed, Kan jy enigiets onthou voordat jy by die mense in die Lange Kloof beland het? Enigiets?

1. Watter vraag vra die magistraat herhaaldelik aan Benjamin? (1)

2. Dink jy Benjamin het koud gekry? Motiveer. (1)

3. Na wie verwys die magistraat as hy na "die mense van Langekloof" verwys? (1)

**Bl. 68**







4. Wat dink jy wil die magistraat eintlik hoor van die seun. (1)
5. Hoeveel seuns was saam met Benjamin op die uitkenningsparade? (1)
6. Hoe reageer Barta van Rooyen nadat sy Benjamin uitgeken het as die kind. (1)
7. Wat wil Benjamin doen nadat die bosvrou hom uitgeken het? (1)

**Bl. 69**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Benjamin: | Ek is Fiela Komoetie se hanskind. |
| Magistraat: | Ekskuus? |
| Benjamin: | Ek is haar hanskind. Die Here het my aan haar toebetrou. Ek is Fiela Komoetie se kind, weledele heer. Ek sweer, baas. Die bosvrou lieg as sy sê ek is haar kind. |
| Magistraat (*kom staan reg voor hom*): | Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers terug huis toe. |
| Benjamin: | Ek is Fiela Komoetie se kind, baas , ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys. |

8. Watter konflik ontstaan daar tussen Benjamin en die Magistraat? (1)

9. Op watter TWEE maniere probeer Benjamin bewys dat hy Fiela Komoetie se kind is? (2)

**Bl 69**

**Toneel 2**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Barta: | Elias…Dink jy nie hy's moeg nie? |
| Elias: | Is jy moeg, Lukas? (*Pouse)* Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou? (Lukas *loop vinniger*. *Elias gryp hom aan die arm*.) Ek sien jy het 'n mooie hemp aan. Wat is alles in die trammel? |

1. Hoe word Benjamin nou vir ons as leser bekendgestel? (1)

2. Wat lei ons af uit die optrede van Elias? (1)

3. Waarin stel Elias belang? (1)

4. Wat dink jy sou Benjamin (Lukas) geantwoord het op die vraag "Was die mense daar agter die Lange Kloof darem goed vir jou?" (1)

**Bl. 70**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Elias: Jy moet iets kom eet.

Lukas *skud sy kop. Hulle maak sy trommel oop en begin sy kos eet. Musiek. Ligte doof uit. Kom op in Boshuis*. Barta, Elias, Willem, Nina en tant Gertjie *op verhoog*, kinders vat aan Lukas en *hy skop hulle*.

Tant Gertjie: Los hom!. Kan julle nie sien hy's gedaan en bang nie?

Elias: Lukas, kyk op en groet jou broer Willem en suster Nina.

Barta: Los hom, Elias.

Elias (ongeduldig): Groet jou broer en jou suster, Lukas!

Tant Gertjie: Los die kind, Elias! Hy's verwilder.

*Ligte doof uit en weer in op toneel in die Bos.* Lukas *sit op sy hurke langs die huis*.

Nina: Wil jy 'n patat hê, Lukas?

Lukas: Nee.

Nina: Kan jy 'n geheim hou?

Lukas: Watse geheim?

5. Lukas is nie gelukkig met die "nuwe gesin"nie. Noem TWEE dinge wat hy doen om te bewys dat hy nie wil reageer nie en weerstand bied.(2)

6. Watter ironie vind ons in die uittreksel ten opsigte van versorging wat die ouers aan die kind moet bied? (1)

7. Word Lukas werklik deur die ander kinders verwelkom? Motiveer. (1)

8. Wat beveel Elias moet Lukas doen? (1)

9. Hoe word die *onheilspellendheid* (ominousness) van die oomblik in Lukas se lewe in die toneel uitgebeeld ? (Watter tegniese aspekte word gebruik?) (2)

10. Wanneer reageer Lukas die eerste keer in dié toneel? (1)

**Bl. 71**

Lees die bladsy deeglik deur en beantwoord die vrae:

11. Nina waarsku vir Lukas. Wat was die waarskuwing? (1)

12. Waarvoor hoop Lukas? Dink jy dit gaan gebeur? (2)

13. Wat probeer Lukas van Nina uitvind? Waarom dink jy wil hy dit weet? (2)

14. Hoe lok Nina vir Lukas om wel haar geheim met hom te deel? (2)

15. Watter raad gee Nina vir Lukas as olifante hulle jaag? (1)

**Bl. 72**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Lukas (*op band as volwassene*): Ek het haar nie vertrou nie. Sy't my slaaphemp as 'n rok gedra. Dit was bondels te groot vir haar en het tot onder haar knieë gehang. Haar voete was rats ssos 'n klipbok s'n. Sy het al vinniger geloop.

Nina: Trap kant langs, dis glad tot onder.

Lukas: Waarheen gaan ons?

Nina: Onder na die bosspruit toe.

Lukas: Hoe ver is ons van die pad wat Lange Kloof toe gaan?

Nina: Ver. Kom!

Nina *gly en val. Hemp vol modder*.

Lukas: Kyk hoe lyk my slaaphemp nou! Hoe dink jy moet my ma die hemp weer skoon kry?

Nina: Ma sal hom maklik skoon kry.

16. Dink jy Lukas het rede gehad om nie vir Nina te vertrou nie. Motiveer. (2)

17. Watter **konflik** ontstaan daar tussen Nina en Lukas oor die “ma” waarna verwys word? (2)

18. Is Lukas seker oor sy identiteit? Motiveer. (Lees bl. 72) (2)

19. Hoe verskil dit waarvoor Lukas omgee teenoor dit waarvoor Nina omgee? (2)

**Bl. 73**




Lees bladsy 73 deur en beantwoord die vrae:

20. Wat doen Nina wat Lukas baie ontstel? (2)

21. Wat was die geheim wat Nina met Lukas deel? (2)

22. Watter voëls kon Nina met die bottels namaak? (3)

23. Het Nina se geheim Lukas beïndruk? Motiveer. (2)

**Bl. 74 -75**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Lukas: Jy het gesê jy sal my wys hoe om uit die Bos te kom.

Nina: Hoekom?

Lukas: Ek wil huis toe gaan. Asseblief.

Nina: Jy moet ophou neuk. As Pa kwaad word en die osriem vat, gaat hy vir jou slat dat jy jou natmaak.

Lukas: Ek het vyf sjielings.

Nina (*agterdogtig*): Wat jy waar kry?

Lukas: As jy my wys hoe om uit die Bos te kom, sal ek jou sê waar dit is.

Nina: Hoeveel is ‘n halfkroon?

Lukas: Die helfte van vyf sjielings.

Nina: By Peuter-se-brand woon ‘n oom wat vir ‘n halfkroon ‘n mondfluitjie op die dorp gekoop het.

Lukas: Jy kan vir jou twee koop.

Nina: Vir wat wil ek twee koop? Ek het net een mond.
Miskien koop ek vir my ‘n kombers. Die grootvoete het my kombers vertrap toe my Pa moes neergooi om te hardloop.

24. Het Nina haar belofte nagekom om vir Lukas die pad te wys? (1)

25. Nina waarsku vir Lukas – teen wie waarsku sy hom? (1)

26. Waarmee probeer Lukas vir Nina omkoop? (1)

27. Wat wil Nina graag doen met die half kroon? (1)

28. Watter ooreenkoms bereik die twee kinders? Bespreek kortliks. (2)

29. Wat wil Elias vir Lukas leer? (1)

30. Hoe wil Elias vir Lukas tem? (1)

31. Watter hande arbeid wil Elias hê moet Lukas verrig? (1)

**Bl. 76 – 77**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Elias: Ek sal vir haar vasmaak soos jy 'n wegloop-os vasmaak. Ek sê vir jou daar is fout met haar. |
| *Ligte doof uit. Musiek. Ligte op.* |
| Elias: Nina! Lukas! |
| Barta (kom uit huis): Elias… |
| Barta: (*kom uit die huis*): Elias… |
| Elias: Moenie kom neul nie, vrou! |
| Barta: Jy kan Nina 'n pakslae gee, ek sal help om haar vir jou vas te keer, maar moenie vir Lukas slaan nie. Die magistraat kan enige dag 'n boswagter stuur om te kom kyk hoe dit met hom gaan en dan is hy vol merke. |
| Elias: Barta, moenie dat ek vandag tot kook kom nie. Moet ek nou elke keer dorp toe loop om die magsistraat se tjap te kry voordat ek my vaderplig kan nakom? |
| Barta: Ek het dit nie so bedoel nie. |

32. Watter wrede daad wil Elias doen om Nina te straf? (1)

33. Hoe sien Elias sy vaderplig? Is dit reg? (2)

34. Hoe weet ons dat Barta ook bang is vir Elias? (1)

35. Wat bedoel Elias as hy waarsku "moenie date k vandag tot kook kom nie"? (1)

36. Waarom wil Barta nie hê dat Elias vir Lukas slaan nie? (1)

37. Wat noem Elias vir Nina toe hy haar vaskeer in die huis? (1)

38. Wat antwoord Nina toe Elias vra waar Lukas is? (1)

39. In watter rigting het Lukas geloop (volgens Nina)? (1)

**Toneel 3**

**Bl. 77 en 78**

Lees die volgende uittreksel en beatwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| Fiela (Op band): Die magistraat se plek staan aan die bokant van die stofstraat. Vaal en stroef. Soos die wet. Dit het gevoel of die dooie vensters my aangluur omdat ek voor hulle durf talm. Waar is hy? Waar is die kind? Onder watter dak kruip die twee vredestoorders weg? (Fiela gaan klop aan deur. Deur oop.) |

1. Dui die metafoor aan in die uittreksel. (1)

2. Wat wil Fiela by die magistraat se plek gaan doen? (1)

3. In watter taal praat die man en hoe reageer Fiela hierop? (1)

4. Vir wie sê Fiela om die magistraat te gaan roep? (1)

**Bl. 79 -80**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Fiela: Dank die liewe vadertjie tog dat die magistraat kan Hollands praat.<br>Die Here weet, ek is bang vir wat voorlê, maar sonder moed en geloof is ek<br>nie.<br>*Konstabel en skoonmaker op.*<br>Konstabel: Is dit sy?<br>Skoonmaker: Ja. Sy sê sy wil 'n klag lê teen die magistraat.<br>Fiela: Hoor hoe lieg so 'n man, baas! Ek het nooit so iets gesê nie. Ek wil 'n klag lê oor 'n besigheid waarvan net die magistraat weet.<br>Konstabel: Watse besigheid? |

5. Waaroor is Fiela dankbaar? (1)

6. Watter twee dinge het Fiela laat deurdruk in die situasie waarin sy verkeer? (2)

7. Waaroor het die skoonmaker gelieg? (1)

8. Dink jy Fiela is regverdig behandel. Motiveer. (1)

9. Voltooi die paragraaf en vul die woorde wat uitgelaat is in. Maak gebruik van die woorde in die raampie:

| klag /wag /twee/Saterdag/ vra |
|---|

*9.1 _____ wit mans het my kindagter die Lange Kloof kom vat en gesê die magistraat van Knysna het hulle gestuur. Hulle sou die kind 9.2 _____ teruggebring het en ek 9.3 _____nou vir hulle.*

*Nou staan ek hier voor baas en ek 9.4 ______ baas om die magistraat te loop sê dat Fiela Komoetie van Lange Kloof hier is om hom te sien en die 9.5 _____te lê.* (5)

10. Met watter nuus kom die konstabel terug wat Fiela nie kan glo nie. (1)

MEMORANDUM

**TWEEDE BEDRYF**

**Toneel 1**

1. Hy vra of hy koud kry. (1)
2. Nee. Dis moontlik uit vrees dat hy bewe. (1)
3. Na Fiela en haar gesin. (1)
4. Hy wil moontlik hê dat die kind moet aan hom vertel wat hy onthou toe hy weggeloop het na Fiela se huis toe. (1)
5. Vier seuns. (1)
6. Sy draai om en begin huil. (1)
7. Hy wil huistoe gaan. (1)
8. Benjamin wil vir die magistraat oortuig dat hy Fiela se kind is. Die magistraat ignoreer hom. (1)
9. Hy sê dat hy vyf sjielings het. Hy sê da Fiela sy ma is en dat Selling sy pa is. (2)

**Toneel 2**

1. As Lukas (1)
2. Hy maak asof hy omgee. / Skynheilig. (1)
3. Elias stel meer belang in Lukas (Benjamin) se besittings. (1)
4. Hy sou ja geantwoord het. (1)
5. Hy praat nie- skud net sy kop. Hy skop die kinders. (2)
6. Hulle is veronderstel om vir die kind te sorg, maar eet sy kos op wat Fiela vir hom ingepak het. (1)
7. Nee. Hulle is nuuskierig en vat aan hom. Hulle groet hom nie, maar daar word van Elias verwag dat hy die kinders moet groet. (1)
8. Dat Lukas sy broer Willem en suster Nina moet groet. (1)
9. Deur middel van die <u>ligte wat uitdoof</u> en die toneel verskuif na die Bos. (1)
10. Toe Nina hom ‘n vraag vra. (1)
11. Dat Elias hom gaan kortvat om uit sy nuk te kom. (1)
12. Dat sy ma hom kom haal. Nee dit kan nie gebeur nie. Fiela weet nie waar hy is nie. (2)
13. Hy wil weet hoe ver hulle van die pad af is wat Lange Kloof toe loop. (1)
14. Deur hom te vertel van haar geheim en dat hy moet saamkom sodat sydie geheim met hom kan deel. (2)
15. Dat hy ‘n dik boom kies om te klim. (1)

16. Nee. Sy wou haar geheim met hom deel.
    Ja. Sy het hom net misbruik en sy slaaphemp as ‘n rok gedra. (2)
17. Nina probeer hom reghelp deur na Bart ate verwys as die enigste ma.
    OF Vir Lukas is Fiela sy enigste ma.
    Vir Nina is Barta hulle twee se enigste ma. (2)
18. Nee. Die woorde “Ek weet nie” bevestig dit. (2)
19. Lukas gee om as sy klere vuil word. Nina nie. (2)
20. Sy hardloop vir hom weg en maak die geluid van ‘n voël. (2)
21. Bottels wat sy wegsteek en daarop blaas om dan geluide te maak. (2)
22. bosduif, muisvoël en piet –my-vrou/ groot loerie en bosloerie (enige 3) (3)
23. Nee nie eintlik nie. Hy vra wat snaaks daaraan is. (2)
24. Nee nie dadelik nie. Eers die volgende dag. (1)
25. Teen Elias (Pa) (1)
26. Met die vyf sjielings. (1)
27. Sy wil ‘n kombers koop. (1)
28. Nina sal vir Lukas die pad wys om by Lange Kloof uit te kom as hy vir haar sy vyf sjielings gee. (2)
29. Hy wil hom leer hoe om ‘n byl vas te hou. (1)
30. Hy gaan hom foeter (slaan) as hy nog een keer skop of skree of op ‘n hoop loop sit./ Hy gaan hom slaan as hy nie luister nie. (1)
31. Hout kap met die byl. (1)
32. Hy wil haar vasmaak. (1)
33. Om die kinders te dissiplineer deur lyfstraf toe te dien./ Om die kinders te Slaan. Nee. Daar is beter maniere soos voorregte weg te vat. (2)
34. Sy verdedig haarself die heel tyd bv. deur te sê “Ek het dit nie so bedoel nie” (1)
35. Hy bedoel dat dit nie moet gebeur dat hy kwaad word nie. (1)
36. Sy is bang dat die magistraat sal weet as Elias die kind slaan. (1)
37. Blikskottel (1)
38. Sy sê dat hy weggeloop het. (1)
39. Diepwalle se kant toe. (1)

**Toneel 3**

1. “die dooie vensters my aangluur” (1)
2. Sy wil ‘n klag gaan lê. (1)
3. Engels.Sy vra dat hy iemand moet roep wat Hollands kan praat. (1)
4. Skoonmaker (1)
5. Dat die magistraat Hollands is. (1)
6. moed en geloof (2)
7. Hy lieg deur te sê dat Fiela ‘n klag will ê teen die magistraat. (1)
8. Nee. Die skoonmaker help haar nie – hy vertel ‘n leun.
   Die konstabel neem haar nie na die magistraat toe nie. (1)

9.1 twee/ 9.2 Saterdag/ 9.3 wag/ 9.4 vra/ 9.5 klag (5) 10.
Die kind se regte ouers het hom kom haal. (1)